

**14 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 133, 134**

**Fokusgedeelte: Psalm 133:1-3**

### **Broederliefde se gevolge kring wyd uit**

Hierdie Psalm besing die waarde van broederliefde, die liefde tussen gelowiges: "Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!" Die broederliefde word dan met twee dinge vergelyk: met reukolie en met dou.

Reukolie versprei 'n heerlike geur en kan van ver af geruik word. Priesters, soos Aäron, is met reukolie aan God gewy. Waar mense deur Christus se liefde aan mekaar verbind is en aan God toegewy is, soos in die samekoms van die gemeente, word daar 'n lieflike geur versprei. Hierdie geur is 'n getuienis in hierdie harde, kil wêreld met sy doodsreuk. Broederliefde lok mense na God!

Sonder dou sal min plante in Palestina die versengende hitte oorleef. Hermon is die hoogste berg in Palestina en het feitlik permanent sneeu op die kruin. Die koue lugstrome van daar af dra by tot die lewensnoodaaklike dou, selfs op plekke so ver as Sion wat ongeveer 170 kilometer daarvandaan is! Broederliefde se invloed is dus lewegewend en kring ver uit, self ver buite die grense van die gemeente!

Jesus self het mos gesê: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Johannes 13:35). Waar 'n gemeente Christus se liefde onder mekaar uitleef, versprei dit 'n boodskap in hierdie wêreld wat aangenaam en aanloklik is en wat lewe wek. Sulke gemeentes word deur God geseen!

Dit stel ons elkeen voor die vraag: Hoe leef ek mee? Is die broederliefde wat ek beoefen soos reukolie en soos dou?

*Sing: Psalm 133:1,2*

*Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*